LEEUWENHOF AKADEMIE
LAERSKOOL NUUSBRIEF NR. 19 / 2017
13 JUNIE 2017

Geagte ouers en personeel,
In Matt. 25:14-30 lees ons van die eienaar wat vir elkeen van sy werkers ‘n aantal muntstukke gegee het. Die werker wat 5 muntstukke ontvang het, het dit gaan verdubbel. Die muntstukke verwys na die talente wat die Here vir ons gegee het. Ons moet elke talent ontwikkel en hard werk om die talent te verdubbel. Om talente te verdubbel begin by ‘n droom wat elkeen van ons het. Leef jou droom uit en werk hard om jou drome realiteite te maak. Harde werk gaan gepaard met dryfkrag en vasberadenheid. Dr. Benjamin Bloom van die Universiteit van Chicago, het ‘n vyf jaar lange studie onder toppresteerders op verskillende gebiede, gedoen. Die bevinding van die navorsing was dat dryfkrag en vasberadenheid tot hul sukses gelei het en nie net hul talente nie. Met harde werk word daar ook foute gemaak en Conrad Hilton sê dat suksesvolle mense aan die beweeg bly. Hulle maak foute en gee nie op nie. Mense wat niks doen nie, maak nie foute nie. Kom ons leer ons kinders om groot te droom, hard te werk en dat hulle foute mag maak.

PERSONALIA
THYS DE VILLIERS
Baie geluk aan Thys en sy vrou met die geboorte van hul dogtertjie, Lienke, verlede week. Ons gebede is dat sy vir julle net vreugde en seën sal bring.

AKADEMIE
HUISWERK: GRAAD 4 TOT 7
As gevolg van ‘n baie besige akademiese en buitemuurse program is daar besluit dat leerders vanaf graad 4 tot 7 tot en met die reses nie huiswerk gaan kry nie. Na die reses sal die volledige huiswerkprogram weer begin.

SPORT
NETBALLIGA UITSLAE

SPAN	LEEUWENHOF	ST.COLUMBA
0/10 A	19	3
0/10 B	35	0
0/11 A	40	1
0/11 B	16	2
0/12 A	25	2
0/12 B	22	3
0/13 A	61	1
0/13 B	33	1

RUGBYLIGA UITSLAE

SPAN	LEEUWENHOF	ORCHARDS
0/9	35	5
0/10	42	0
0/11	27	0
2 des	21	15
1 stes	35	0

SPAN	LEEUWENHOF	ALBERVIEW
0/9	Nie gespeel nie	
0/10	40	0
0/11	36	0
2 des	29	12
1 stes	49	0

RUGBY AGTSTE FINALE
Ons spanne het die seisoen baie goeie rugby gespeel. Al vier die spanne wat kon kwalifiseer het vir die uitspeelwedstryde, speel die week in ‘n 8ste Finaal by Hoërskool Marais Viljoen en Laerskool Generaal Alberts. Die spanne wat wen sal op 15 Junie 2017 aan die kwartfinale deelneem en dan is dit die semifinale op 21 Junie 2017. Die Goue Leeus Finale vindplaas op 24 Junie 2017 by Hoërskool Monument.

SKAAK: STREEKFINALE
Ons is baie trots op ons 4 skaakspanne wat vanjaar almal ligawenners was.

Twee van die spanne 0/13 en die 0/9 spanne is ook streekwenners, terwyl die ander 2 spanne gelykop gespeel het.

Ons spanne gaan nou deelneem aan die Ekhuruleni se uitspeelwedstryde. Die datum vir die wedstryde is nog nie gefinaliseer nie , maar sal eerdaags bekend gemaak word.

MINI – NETBALTOERNOOI BY MARIST BROTHERS
Die drie 0/9 spanne van me van Niekerk het verlede Vrydag hul seisoen op 'n hoogtepunt afgesluit. Die spanne het die middag teen verskeie spanne te staan gekom.

Die speelsters se ontwikkeling kon waargeneem word in die goeie spel wat hul gelewer het. Ons sien uit na volgende jaar wanneer hulle aan die formele liga gaan deelneem.

MINI – NETBAL VIR 0/7 EN 0/8
Die 0/7 en 0/8 speelsters sluit Woensdagmiddag hul seisoen af deur interne wedstryde te speel. Die 0/7's begin 14:00 met hul wedstryde en daarna kom die 0/8's teen mekaar te staan. Die wedstryde sal by die skool se netbalbaan plaasvind.

PERDRY
Ons is baie trots op ons perderuiters van die skool. Die span het verlede Saterdag aan die laaste kwalifiserende rondte deelgeneem.

Hier volg die uitslae:

- **ALMARIE STOLTZ**
  - ✓ *Jumping*: 2 de plek
  - ✓ *Equitation*: 2 de plek
  - ✓ *Handy Hunter*: 1 ste plek
  - ✓ Dresseer: 1 ste en 2 de plek
  - ✓ *Prix Caprilli*: 1 ste en 2 de plek

- **JADEN FOURIE**
  - ✓ *Ideal Time Jumping*: 3 de plek

- **MONYE BISSET**
  - ✓ *Working Riding*: 2 de plek

Aangeheg aan hierdie nuusbrief is daar pragtige foto's van ons perderuiters.

KULTUUR
SNUITERSIMFONIEKONSERT
Leeuwenhof se musieksentrum het hul jaarlikse Snuitersimfonie op Sondag, 11 Junie, aangebied in die skoolsaal.

Me. Nomsa Masupha met haar djembe-ensemble en Mr. Thokozani Nsibande met sy Laerskool marimba-groep, was vir die voorprogram verantwoordelik.

Professor Brain Buch wat die dirigent van die orkes is, het spesiaal 'n program saamgestel wat nie net 'n geleentheid vir musiekliefhebbers was nie, maar ook vir kinders om die liefde vir musiek by hulle te kweek.

Leeuwenhof se senior en junior koor onder leiding van mnr. Anton Pottas en mnr. Strijdom Erwee het deel uitgemaak van die program.

Mia Meyer en Daniel Mostert het die geleentheid gekry om die orkes te dirigeer wat soos gewoonlik vir almal 'n hoogtepunt was.

Mia

Daniel

WENNERS IN JESUS MUNTLEGGING
Ons het groot waardering vir elkeen se ondersteuning ten op sigte van die Wenners in Jesus se muntinsameling. Sodra al die geld getel is, sal ons die bedrag wat ingesamel is bekend maak.

OOPDEURBELEID
Die personeel se deure staan altyd oop vir ouers van die skool. Indien ouers navrae het oor enige iets in die skool het, is u meer as welkom om ons as personeel persoonlik te kontak

SLUITING VAN SKOOL VIR LANGNAWEEK EN RESES

- **Langnaweek: 15 tot 19 Junie 2017**
  - ✓ Skoolure is soos normaalweg
  - ✓ Busse vertrek eers 16:00

- **Reses: 23 Junie tot 2 Julie 2017**
  - ✓ Skool sluit 12:00
  - ✓ Busse vertrek 12:15

CLICK2CHOW: GETAL BESTELLINGS STAAN NOU OP 83
Hierdie is ‘n maklike manier vir ouers om elektronies kos by ons eie snoepie te bestel.

Die eerste 100 bestellings kom in aanmerking vir ‘n prystrekking om R500 kontant te wen.

Click2Chow is ‘n aanlyn bestelblad wat dit nou makliker is vir die kinders om nie in ‘n n ry te staan gedurende pouse nie of as hul hul kos by die huis vergeet het.
Sien hier onder die click2chow skakel wat ouers direk na die snoepie se restaurant en snoepiespyskaart toe neem. Wanneer daar ‘n kosbestelling geplaas word, moet ouers duidelik aandui in die "comment" gedeelte wat die onderwyser óf leerder se naam en van is asook die klaskamer, sodat wanneer die leerder die bestelling kom afhaal by die snoepie weet hul presies vir wie dit is.

Ek glo hierdie kontantlose sisteem gaan dinge baie makliker maak vir die ouers, leerders en onderwysers.
Hierdie is die skakel wat gebruik moet word: https://www.click2chow.co.za/leeuwenhof-akademie/

BUITESKOOL PRESTASIES

GRAAD	NAAM VAN LEERDER	PRESTASIE BEHAAL
1	André de Guisti	Eerste plek behaal in gimnastiek - (Beginners level 2 - special entry). Hy gaan nou in Junie deelneem aan sy eerste nationale kompetisie waar hy kompeteer vir sy Gauteng kleure. Baie geluk!
2	Sienna Schutte	Sy het die 7de Junie aan die Sentraal Gauteng Akrobaat Kampionskappe deelgeneem en het 2de gekom met n gemiddeld van 9.23 vir Vlak 1 Onder 8. Sy het haar Sentraal Gauteng Kleure verwerf en neem die naweek aan die Interprovinsiale kompetisie deel. Baie geluk!

3	Scarlett Schutte 	Het op 7de Junie aan die Sentraal Gauteng Akrobaat Kampioenskappe deelgeneem en het gewen met ‘n gemiddeld van 9.38 vir Vlak 4 Onder 8. (Ouderdom soos op 1 Januarie 2017) Sy het haar Sentraal Gauteng Kleure verwerf en neem die naweek aan die Interprovinsiale streekskompetisie deel. Baie geluk!

BELANGRIKE DATUMS

13 Junie	Akademiese ondersteuning 07:30
	Wiskunde en Wetenskap in aksie
	Rugby: Goue Leeus agste finale vir spanne wat deurdring
	Conspirito kunswedstryd
14 Junie	Gewyde sang
15 Junie	**WETENSKAP TERMYNTOETS: GR. 4 tot 7**
	Netbal vs Marist Brothers
	Goue Leeus kwartfinale
	Busse vertrek 16:00
16 Junie	**JEUGDAG**
18 Junie	Vadersdag
19 Junie	Public Speaking finale vir gr 4 tot 7
20 Junie	Akademiese ondersteuning 07:30
21 Junie	Gewyde sang
	Goue Leeus Rugby semifinale by H/s Florida
22 Junie	ISASA netbalfinale
23 Junie	Interhuis skaakmarathon
	Skool sluit vir reses om 12:00. Busse vertrek 12:15
24 Junie	Goue Leeus rugby finale by H/s Monument
3 Julie	Skool begin 08:00
	H/s Revue begin tot 8 Julie
4 Julie	Akademiese ondersteuning 07:30
	Tafelolimpiade
	Krieketproewe vir 0/9 tot 0/13
5 Julie	Gewyde sang
	Krieketproewe vir 0/9 tot 0/13
6 Julie	Krieketproewe vir 0/9 tot 0/13
7 Julie	**WISKUNDE TERMYNTOETS: GR.4 TOT 7**
	Tennisproewe na skool
8 Julie	Tennisproewe
11 Julie	Akademiese ondersteuning 07:30
	Krieketproewe vir 0/9 tot 0/13

LAERSKOOLBESTUUR

Skoolhoof:	Mnr W Uys	wium@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Akademie:	Me A vanZijl	anlivz@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Organisatories:	Mnr W Jacobs	willem@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof: Kultuur:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Juniorfase:	Me H Pretorius	helenap@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Seniorfase:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Sport:	Mnr T de Villiers	thysv@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Musiek:	Mnr K Pretorius	kobie@leeuwenhof.co.za
Bemarkingsbestuurder:	Me M Wagner	marketing@leeuwenhof.co.za
Sekretaresse:	Me M Bothma	margaretb@leeuwenhof.co.za

Leeuwenhof - groete

_____

MNR. WIUM UYS
HOOF - LAERSKOOL